WESSEL LEMMER



# Goeie graanpryse verwag in nuwe bemarkingsjaar

Die daling in graanvoorrade wêreldwyd word toegeskryf aan 'n daling in mielievoorrade. Internasionale mielievoorraadvlakke is die laagste in agt jaar. Die voorraadvlakke vir koring bou egter op tot rekordvlakke. Dit is belangrik om te let na Chinese aankope en oeste in Amerika en Brasilië.

Internasionale graanvoorrade vir die 2020-'21-bemarkingsjaar gaan na verwagting tot 'n vyfjaarlaagtepunt van 609 miljoen ton daal. Die toename van 36 miljoen ton in die produksie van graan in die vorige bemarkingsjaar is nie voldoende om die toename in die vraag na graan van 44 miljoen ton te diens nie. Gevolglik daal voorraadvlakke met 8 miljoen ton teenoor die vorige jaar.

Dit word verwag dat koringvoorraadvlakke van 278 miljoen ton in 2019-'20 tot 289 miljoen ton kan toeneem. Die voorraadvlakke vir mielies kan egter met 26 miljoen ton daal, terwyl die wêreldproduksie van mielies op 'n jaargrondslag op dieselfde vlak bly. Die vraag na koring het met 20 miljoen ton toegeneem.

Na verwagting kan die wêreldproduksie van sojabone vir 2020-'21 met 7% toeneem tot 362 miljoen ton.

Die verbruik van sojabone neem sterk toe en gevolglik word 'n afname in Amerikaanse sojaboonvoorrade van tot 80% op 'n jaargrondslag verwag.

Die wêreldproduksie van rys in 2020-'21 bereik daarteenoor 'n rekordproduksievlak van 504 miljoen ton. Die verbruik van rys beloop ook 504 miljoen ton, wat tot knap voorraadvlakke kan lei.

Graan- en oliesadepryse, uitgesluit rys, toon sterk toenames. Die gemiddeld prys het die afgelope maand met 8% toegeneem. Pryse het gevolglik op 'n jaargrondslag met 54% toegeneem en is op die hoogste prysvlakke sedert 2013.

Kommer oor weerstoestande en knap wêreldwye voorraadvlakke ondersteun graan- en oliesadepryse wêreldwyd.

## TOEKOMSTIGE WÊRELDHANDEL

Rabobank het in Mei sy nuwe wêreldverslag vir graan en oliesade gepubliseer. Dit word verwag dat die toename in die vraag na graan en oliesade in Asië en Afrika saam met die toenemende uitvoer van die Amerikas en Swartsee-streek die groei in internasionale handel in die toekoms sal bepaal. Verskeie sake gaan egter handelspatrone beïnvloed. Die aspekte wat gaan bepaal dat die produksie van organiese gewasse gaan uitbrei, sluit in veranderings in die volhoubare produksie daarvan, regeringsbeleid en verbruikersneigings. Ons kan ook verwag dat die genoemde drie neigings ook daartoe aanleiding sal gee dat gewasproduksie toenemend sal begin diversifiseer om meer peulgewasse in te sluit.

Die verslag bekyk ook die vloei in die wêreldhandel van graan en lewer insigte oor bedryfsneigings oor die afgelope vyf jaar. Die internasionale handel in graan en oliesade het oor die jongste tydperk van vyf jaar met 120 miljoen ton toegeneem. Dit verteenwoordig 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 3,5% per jaar. Gemeet teenoor die voorafgaande tydperk van vyf jaar het die saamgestelde jaarlikse groeikoers egter van 6% tot 3,5% afgeneem. Oor die vorige tydperk van vyf jaar het die toename in die handel in graan en oliesade 160 miljoen ton beloop teenoor die afgelope vyf jaar se toename van 120 miljoen ton. Onthou egter dat ondanks 'n afname in oliesaadpryse in die oliesaadkompleks oor dié periode het 'n toename in graanpryse in die graankompleks en die totale vloei in handel daartoe gelei dat die totale waarde in die handel van graan en oliesade gesamentlik met 17% toegeneem het.

Luidens die verslag het Suider-Afrika sowat 5,3 miljoen ton graan in 2018-'19 ingevoer. Die grootste invoerders hiervan was Suid-Afrika (82%), Namibië (6%) en Botswana (5%).

Die kommoditeite wat jaarliks ingevoer word, sluit in koring (sowat 2,5 miljoen ton), rys (sowat 1 miljoen ton) en mielies (sowat 750 000 ton).

Die neigings in China vir 2021-'22 is kenmerkend van die neigings wat Rabobank bekend gemaak het.

## CHINA SE GRAANBEHOEFTE

Volgens die Amerikaanse departement van landbou het China reeds meer as een derde van die land se geprojekteerde mielie-invoer vir die 2021-'22-bemarkingsjaar wat in September begin, van Amerika af aangekoop. China het 9,5 miljoen mielies van Amerika af aangekoop en die verwagting is dat China nog 26 miljoen ton wêreldwyd vir hierdie bemarkingsjaar (September 2021 tot Oktober 2022) sal aankoop.

Nieteenstaande die verhoogde invoer word verwag dat China se produksie van mielies vir aanwending in hierdie bemarkingsjaar met 4,3% kan toeneem.

'n Uitbreiding in hektare aangeplant en hoër opbrengste kan tot verhoogde produksie lei. Die oppervlakte beplant met mielies het met 3,4% tot 42,7 miljoen hektaar teenoor die vorige jaar toegeneem. China se mielieproduksie kan 271,8 miljoen ton beloop teenoor die vorige jaar se 260,7 miljoen ton. Teenoor die vorige jaar kan opbrengste met 0,8% toeneem.

Die opbrengsverhogings word aan gunstige produksietoestande tydens plant en die beskikbaarheid van nuwe kultivars toegeskryf. Ondanks hoër produksievlakke het mieliepryse in China rekordprysvlakke vanweë knap voorraadvlakke aangeteken.

China se vraag na mielies het die jongste paar maande aansienlik toegeneem omdat dié land se varkkudde aan die toeneem is. Die varkkudde het skerp gedaal ná 'n uitbreking van Afrika-varkpes.

Die Chinese aankope van mielies uit Amerika val saam met die onsekerheid wat tans oor die mielie-oes in Brasilië bestaan. Kernproduksiegebiede in Brasilië gaan gebuk onder droogte.

Volgens mnr. Arlan Suderman, 'n ekonoom van StoneX, wil China seker maak die land kontrakteer vroegtydig genoeg mielies, veral met die dalende vooruitsig vir 'n goeie oes uit Brasilië en onsekerheid oor die Amerikaanse produksieseisoen wat nog voorlê. **LBW**

BRONNE: Internasionale graanraad, Amerikaanse departement van landbou, World Grain en Rabobank.

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*